
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

HOU VAS TOT JESUS KOM

Ons lees in Jos. Hoofstuk 1 verse 1-7: **En ná die dood van Moses, die kneg van die HERE, het die HERE met Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses, gespreek en gesê: My kneg Moses is dood; maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan, jy en hierdie hele volk, na die land wat Ek aan hulle, die kinders van Israel, sal gee. Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het. Van die woestyn en hierdie Líbanon af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier, die hele land van die Hetiete, en tot by die Groot See in die weste sal julle grondgebied wees. Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie. <u>Wees sterk en vol moed</u>; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. Wees <u>net baie sterk en vol moed</u>, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.**

Die Israeliete is deur die Here beveel om te gaan en die land wat Hy aan hulle gegee het in besit te neem en te BEWOON en hulle was gehoorsaam onder Josua se leierskap om voort te gaan en te doen net soos die Here hulle beveel het om te doen! Hulle het voortgegaan en hul erfdeel in besit geneem en bewoon, en is tot vandag toe nog daar. Die Here was getrou aan Sy Woord! En as ons gehoorsaam is, sal Jesus getrou aan Sy Woord wees deur die getroues te beloon!

Ons kan vandag maar net rondom ons na die wêreld kyk om die chaos te sien wat bestaan. **Nou** is dit werklik die tyd om nie te vrees nie, sterk te staan, die Evangelie te versprei soos nooit tevore nie, maar dit is ook tyd om voorraad op te neem van ons eie lewens en onsself voor te berei vir die wederkoms van die Here Jesus Christus. In die hele hoofstuk 22 van die boek Openbaring, na die beskrywing van die gebeure in hierdie laaste dae, kondig die engel van die Here die eindtyd waarheid af in verse 10-11: **Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.** Dan beloof Jesus ons in verse 12-14: **En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.** Wat 'n wonderlike gedeelte van vertroosting is dit vir hulle wat in Christus Jesus is! Wat 'n wonderlike boodskap bring dit, spoor ons aan tot heiliger lewens met vreugdevolle verwagtinge soos die tyd van Sy koms nader kom. Dit is ongelukkig waar dat as die wêreld beter en beter geword het, hoeveel van ons sou 'n hunkering, 'n verlange na die koms van die Here gehad het? Hoeveel sou die woorde van Openbaring 22:17 uitgeroep het?: **En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.** Sou ons dors genoeg gewees het as alles rondom ons goed gegaan het en die wêreld 'n ander plek was? Maar ons is nie sonder hoop terwyl ons op Sy wederkoms wag nie, en ons weet dat volgens Sy Woord en Sy beloftes, ons op Hom kan vertrou vir Sy beskerming en Sy voorsiening! Ons is geroep om "besig te wees" tot Hy kom (Luk. 19:13), en om tot die einde te volhard (Mark. 13:13). En dit is wat ons vasberade is om te doen in die Here se krag en wysheid.

In Sy lering aan Sy dissipels aangaande die eindtye in Luk. Hoofstuk 21, het Jesus vir hulle gesê om op die uitkyk te wees na sekere aanduidende tekens. Wetteloosheid, geweld, hongersnood en pessiektes is onder dit. Jesus het toe 'n verdere betekenisvolle sleutel teken bygevoeg, Hy het vir hulle gesê om die VYE BOOM dop te hou!

Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Hou vas tot Jesus kom ….)
julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan (Luk. 21: 29-36). In die Bybel word na Israel verwys as die vyeboom, en in hierdie gelykenis sê Jesus dat een van die tekens van Sy nabye koms is wanneer ons sien dat Israel weereens begin voorspoedig word en ontwikkel as 'n Nasie. En ons het dit verseker sien gebeur sedert 1948 toe Israel in een dag 'n Nasie geword het, soos geprofeteer deur Jesaja in Jes. 66:8, en sedert Jerusalem onder die beheer van Israel gekom het na die Ses Dae Oorlog in 1967. Die Here se Heilige Land, en die Appel van Sy oog kom prominent in Sy eindtyd plan voor! Satan weet dit baie goed daarom die aanhoudende teenstand en oorlogvoering oor hierdie klein land, die grote van die Oranje Vrystaat. Die duiwel weet dat Jesus na die **Olyfberg** gaan terug kom net soos die twee engele vir Sy dissipels gesê het in Hand. 1: 11, dus doen die vyand alles in sy vermoë om te keer dat dit gebeur! Hy weet dat sy tyd kort is dus doen hy wat hy ook al kan om Israel van die toneel te laat verdwyn, om Jesus se wederkoms teen te staan.

Dit is interessant hoe al die Nasies van die wêreld op die oomblik hul oë op Jerusalem het! Hulle dring daarop aan dat Jerusalem, die hoofstad van Israel verdeel moet word en die Oostelike deel weg gegee moet word!

Beide Jode en Christene glo dat die Koms van die Messias naby is volgens die tekens van die tye. Die Jode glo dat dit Sy eerste koms sal wees, en die Christene wag op die Here Jesus se wederkoms na die aarde soos opgeteken in **Hand. 1: 9 -12: En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver.**

Die Jode glo dat die Messias Jerusalem sal binne gaan van **Oos Jerusalem** deur die Oos hek (Golden Gate), en wanneer Hy die Tempel Berg binne gaan, sal Hy verlossing bring vir die Hebreeuse Nasie. Volgens die profesie van Sagaria, wanneer die Messias deur die hek gaan, sal Hy die ramshoring blaas en al die dooies, in die Jood se Begraafplaas op die **Olyfberg** sal uit hul grafte opstaan. Die aankoms van die Messias, glo die Jode, sal die herbou van die Joodse Tempel inlei. Dit sal ook die begin van die Messiaanse Tydperk aandui. Die Oos hek bekend as die "Golden Gate", het ook 'n belangrike plek in die Christendom. Volgens die Nuwe Testament, het Jesus Sy donkie deur die Oos hek gery op Palm Sondag. Christene glo dat Jesus hulle Messias was, en hulle verwag dat Hy na Jerusalem sal terug keer, op die **Olyfberg**, en die stad sal binne gaan deur die **Oos hek**. Let op die strydpunt vandag aangaande Oos Jerusalem en jy sal besef presies waarom dit plaasvind!

Die Jode glo dat wanneer die Messias kom, Hy nie oor grafte sal loop nie, dus het die bewoners van Jerusalem daardie tyd die Oos hek (Golden Gate) verseël en grafte by die ingang gevestig. Christene weet dat volgens 1 Thess. 4: 13-18, sal die wat in Christus gesterf het met die wederkoms van die Triomferende Jesus Christus opstaan, en dit sal in 'n oogwink gebeur volgens **1 Kor. 15:52:** In **'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.** Dus wanneer Jesus terug kom, sal die grafte vanselfsprekend leeg wees, en sal Hy oor leë grafte in gaan.

Die Bybel sê vir ons dat elke nasie in die laaste dae teen Jerusalem sal wees, en ons sien dit voor ons oë gebeur. Die Verenigde Nasies is teen Israel en wil Jerusalem – die Stad van God, verdeel met Oos Jerusalem vir die Moslems, en druk van hierdie kant kom ook op die Joodse Nasie van Brittanje en Amerika. 'n Mens wonder hoe die Amerikaanse mense sou reageer op die voorsê van al die nasies van die wêreld om Washington te verdeel en oor aan te wys. En wat sou die Britte sê aan 'n wêreld wat aandring dat Londen verdeel moes word en al die Russe aangaande Moskou? En kan jy jou voorstel as die wêreld sou aandring dat Mekka verdeel moes word en die Oostelike deel vir die vestiging van die Jode sou wees?!

In Maart 2010 het baie nasies resolusies goedgekeur deur Israel te veroordeel vir die ontwikkeling van huise vir die inwoners van Israel in OOS JERUSALEM. Hierdie inwoners is van alle gelowe en kleure. Jerusalem is nie 'n nedersetting nie, maar die hoofstad van Israel, en is dit **vir die laaste 4000 jaar.** Israel het 'n God gegewe reg dat Jerusalem sy onverdeelde hoofstad bly, nie net omdat dit hulle politieke reg is om so te maak nie, maar omdat dit goed gedokumenteer is in die Bybel dat dit God se wil is volgens Sy Woord.

Die Land van Israel is Sy Heilige Land en Hy verwys na dit as die Appel van Sy oog (Klaagl. 2: 18). En omdat Jerusalem die Stad van die Groot Koning is, en meer as 800 keer in die Bybel genoem is, en as 'n dissipel van die Here Jesus Christus, waak en bid ek vir die Nasie van Israel en vir die vrede van Jerusalem (Ps. 122:6).

Soos ek voorheen gesê het, is ons geroep om "besig te wees" totdat Jesus weer kom, en om tot die einde te verdra en die Here sal ons in staat stel om dit te doen en ons die nodige wysheid gee.

Net onlangs het ek die wysheid van die Kibbutuz stelsel (gemeenskaplike) wat in Israel opereer bepeins. Natuurlik is hulle almal Jode en Bybel gebaseer (Ou Testament). Die Kibbutzim was so 'n seën vir daardie nasie en ek is seker dat dit deur die Here geïnspireer is. Dit het Israel 50 jaar geneem om die oplossing vir die land se voordeel te ontwikkel en te vervolmaak, finansiële voordeel en in werklikheid aangehoue bestaan, dus het ons nie nodig om die wiel weer te ontdek nie! Baie het gebaat by die geïnspireerde lewenswyse, en ander kan baie daaruit leer. Ek het gedink hoe wonderlik dit sou wees as hierdie konsep in Suid-Afrika beoefen kon word en hoe prakties dit sou wees om gemeenskappe met eendersdenkende mense te vestig (en in ons geval ware gelowiges in die Here Jesus Christus), wie elkeen kan bydra tot hulle sukses. Kibbutz is die Hebreeuse woord vir "gemeen-skaplike nedersetting" en is 'n unieke landelike gemeenskap, 'n samelewing toegewy aan onderlinge hulp. Dit is 'n sosiaal-ekonomiese stelsel gebaseer op die beginsel van gelykheid en samewerking van produksie, konsiderasie en

(Vervolg op Bl. 6)

POSSESS THE LAND

"For the Kingdom of God is not food and drink, but RIGHTEOUSNESS and PEACE and JOY in the Holy Spirit." Rom. 14:17

When Jesus in His humanity, died upon the cross, He gave us a New Covenant, a New Testament through His shed blood. We read in **Heb 9:14-16: How much more shall the blood of Christ, who through the eternal Spirit offered Himself without spot to God, purge your conscience from dead works to serve the living God? And for this cause He is the mediator of the new testament, that by means of death, for the redemption of the transgressions *that were* under the first testament, they which are called might receive the promise of eternal inheritance. For where a testament *is,* there must also of necessity be the death of the testator.** Then the Word tells us that as a born again believer in the Lord Jesus Christ, you became a fellow heir with Him (Eph 3:6). You possess an inheritance in heaven and on earth.

The Bible says in **Rom. 14:17**: **"For the Kingdom of God is not food and drink, but RIGHTEOUSNESS and PEACE and JOY in the Holy Spirit."** And Jesus said in Luke 17:21**..."the Kingdom of God is within you."**Thus:

1.You have Righteousness: Adam and Eve, through the sin of disobedience, destroyed the relationship between God and man. Then Jesus paid the price for our redemption at Calvary, and this relationship was restored in Him. Our righteous is thus in the **righteousness of Jesus,** and because of this we are once again in the position to be able to have precious fellowship with the Lord. Jesus' sacrificial death restored this relationship after Adam's sin had destroyed it. **(Rom 5:19) For as by one man's disobedience many were made sinners, so by the obedience of One shall many be made righteous**. You cannot earn this righteousness, (right standing with the Lord), it is His gift to those who accept Jesus Christ as Saviour and Lord because of His sacrificial death.

2.You have Peace: That calm assurance that the Lord is in control of everything and that He watches over you, and never leaves nor forsakes you. Peace that transcends your understanding and allows you to rise above your circumstances. A peace that enables you to carry a quiet assurance that He loves you and your life is safe in His Hands. Jesus said to His disciples in **John 14:27 Peace I leave with you, My peace I give unto you: not as the world giveth, give I unto you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid.**

3.You have Joy: The Lord places it in your mind and it is not dependent on a moment of pleasure or any form of entertainment, but is a true inner joy because you are His child. A steadfast joy because it is based on the Eternal Rock. Jesus said in **John 15:11 These things have I spoken unto you, that My joy might remain in you, and *that* your joy might be full.**This gladness bubbles from within you and you just want to praise and worship Him for who He is, **your wonderful Redeemer and Lord of Lords!**

Righteousness, Peace, Joy.

This inheritance equips you for any possible situation, and enables you to overcome in all your circumstances. Just as Satan attacked Adam and Eve with doubt through his lies in the Garden of Eden, he still uses his same techniques today. Adam and Eve had fellowship with the Lord. The Bible tells us that He walked and talked with Adam in the Garden. Satan however came with his lies and deception and caused them to sin and fall from His grace. The devil has never changed, and he still comes with the same lies today, enticing man to "go his own way" and "do his own thing". He may tell you through his demons that the Lord could never love you because of all the bad things you have done and he reminds you of all the times you have failed in your walk with the Him. And very often, because there is a small vestige of truth in demonic words, you believe all that he says about you "not being worthy". **The fact that the Lord knows all about us and still loves us, is one of the most difficult truths for a Christian to accept. He really does love you and me with an everlasting love, and we must never forget that!**

The Lord's ways have never changed. Just as in the Old Testament He led His people into the Promised Land where, once they had entered, they had to overcome giants in order to possess their inheritance, (and remember the Battle was always the Lord's as long as they were obedient), He does the same with us today. You have an inheritance of **righteousness, peace and joy** in Him and all you need to do is to overcome and defeat the giants that come against you in your life, and possess the "land" that the Lord has given to you, He will fight for you and help you gain the victory! Are you facing an unclean spirit of unbelief, of resentment, of

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Possess the land...)
rejection, of fear, hate, coveting, rebellion or depression? Maybe it is the terrible giant of unforgiveness or suicide – these giants will rob you of your inheritance. They will rob you of your **peace and joy** and prevent you from having the close fellowship that is possible with your Lord. Satan's aim is to keep you from overcoming and defeating these giants so that you do not press in and possess your inheritance. He attacks your faith in the Lord and His Word to bring discouragement and disillusionment. That is his strategy, and he can only win if you do not deal with each individual giant and obtain the victory. The Lord will enable you and give you the necessary strength, you just need to ask Him! Make a decision today to overcome each one so that you can enter into the fullness of that which the Lord has prepared for you.

Do not let the devil get the upper hand by allowing him to deceive you into believing that you can **justify** the resentment, bitterness, unforgiveness, hate, jealousy, unbelief etc., that you carry. John 10:10 tells us that the thief has come to rob, kill and to destroy and he will rob you of your inheritance here on earth and go onto rob you of your eternal inheritance, if you listen to today as it did in those days. Obedience is still better than sacrifice! You take possession of your inheritance through obedience to the truth which the Lord reveals to you in His Word. We often want to categorize sins into "small" sins and "big" sins. **God sees all sin in the same serious light - as rebellion to Him.** Ask the Lord to reveal any unclean spirits that Satan has sent against you to ensnare you and cause you to flounder and fall, and as He shows them to you, break with their evil influence one by one! Ask the Lord for His forgiveness and repent of that sin, then break with each of these evil giants, as the Lord shows you. And in the Name of Jesus command each one of them to leave you and to have no further influence upon your life. Be alert and guard your heart, against their return, because they will certainly try – recognize their reappearance, and refuse to allow them reentry!

Example, **if the Lord reveals to you that a spirit of rejection is pestering you, say with conviction: "spirit of rejection, leave me now in the Name of Jesus!" And then do not give place to it again!** Remind Satan of your authority in Jesus.

"He that is in you, is greater than he that is in the world!" (1 John. 4:4)

his lies! Ephesians 4:27 warns us**: Neither give place to the devil.**I repeat, the Lord will fight with you in this battle until you have achieved victory over Satan's persistent attacks.

Jesus is our Victory! We can say with Paul in 1 Cor. 15:57 : **But thanks be to God, who gives us the victory through our Lord Jesus Christ**. Jesus has already defeated that enemy on the cross, THE VICTORY HAS ALREADY BEEN ATTAINED FOR YOU. You need just to believe and receive it in the Name of Jesus.

James 4:7 tells us, **Submit yourselves therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you.** Resist Satan in the name of Jesus and remind him of his defeat at Calvary, and he and his giant must flee.

Take hold of your rightful inheritance and possess the land through Jesus, because it is yours.

We see in the Old Testament, when the children of Israel won one victory after another, it was not because of their own military strength or ability, but because they obeyed the Lord's instructions to the last detail. However when Agag was disobedient, Israel hit rock bottom in the following attack. Read 1 Sam 15:22: **Then Samuel said: Has the Lord as great delight in burnt offerings and sacrifices, as in obeying the voice of the Lord? Behold, to obey is better than sacrifice, and to heed than the fat of rams.** This still applies as much for

You may want to ask a committed Christian to pray with you, and in agreement the two of you command the enemy to go in Jesus Name.

Here are the names of some of the giants which you may have to overcome : pride, anxiety, lies, thieving, temper, criticism, gossiping, slander, inferiority, unbelief, jealousy, worry, tension, doubt, rebellion, condemnation, rejection, resentment, suicide, loneliness, unforgiveness, indecision, hate, self pity, passivity, bitterness, fear, suspicion, gluttony, lust, substance abuse, adultery and confusion. Work through this list, and there may be others . Ask the Lord for guidance and to alert you to the particular spirit when it wants to attack you. Remember to take a firm stand against any evil spirit by resisting it and commanding it to leave you in Jesus Name. God has given you the authority to resist Satan and he must flee. If you exercise the authority that the Lord Jesus gave to the believer in Mark 16: 17, you will become stronger in the Lord's strength to triumph completely over any giant. Ask the Lord, according Psa.51:12 to : **Restore unto me the joy of Thy salvation; and uphold me *with Thy* free spirit.** The spirit of joy and gladness and peace in your heart, and to fill you with LOVE: not as the world knows it, but His kind of unconditional love, which is a choice. Ask Him to allow the fruit of the Holy Spirit to be evident in your life (Gal. 5:22 -23). When all Satan's cohorts have been dealt with, you need to constantly keep your house clean, because we read in **1Co**



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Since your prayer for my sister Ms Hester Esterhuizen of Cape Town we have received the good news that the lump on her leg has disappeared and she is getting better by the day. We praise Almighty God for this blessing in Jesus Name.

Mrs M Renaud, 11 March 2010

Baie dankie dat julle vir my dogter Lizelle gebid het verlede week toe sy begin bloei het en sy is swanger. Sy het die baba behou en vorder baie goed. Baie dankie vir die wonderlike werk wat julle doen in Jesus Naam. Groete

Amelia Maritz, Waterval Boven

Baie dankie vir al u gebede en u maandblad wat ek gereeld ontvang. Ek wil net ons groot en wonderlike getuie stuur. Die dag van 9 Desember 2009 het ons dogter Anet 'n ernstige motorongeluk gehad. Die volgende dag more die 10de het ek gebed van die hospitaal, Academies hospitaal en gebed vir haar gevra. Meg het antwoord gegee en gesê hulle sal vir haar bid. Haar sleutelbeen was gebreek, haar heup gebreek, vyf ribbebene gebreek, vyf rugwerwels die vlertjies het seer gekry, haar ysbene was gebreek. 'n Sny agter die kop en bloeding op die brein. Ek het vir haar gesê Dr James gaan vir haar bid. Ons weet God maak nooit 'n voud nie. Hy is nooit te laat nie, sy sal volkome genees. Hulle het haar onder verdowing gehou. Die 14 Desember 2009 het hulle haar ontslaan vol pyn, Die 25sye Desember 2009 begin sy loop.

Die 21 Januarie 2010 gaan sien sy die dokter hy sê dis 'n groot wonderwerk volgens hoe haar kar lyk moes sy dood gewees het. Februarie 2010 begin sy werk.

Die 10 Februarie bestuur sy kar. Sy was baie bang, maar nou is dit beter. Sy word moeg en is in die middag bietjie vergeetagtig, maar ek sê vir haar dit sal reg kom. Ons Heer doen nie 'n halwe werk nie. Baie dankie. Dankie dokter James en Meg en u span. Baie liefde.

Mev M Harmse, Rustenburg

Ek het intussen 'n paar keer geskakel vir gebed en die meeste mense vir wie u ingetree het, het wonderbaarlik hulp ontvang. Ek sê duisend dankies vir onder andere, Kobie wat kanker van die ingewande het, vir wie die mediese dokters gesê het sy het net 3 maande om te gaan, en dis nou al sowat 8 maande later en aan die gang. Francoise Strydom (bloedkanker) vir wie gesê was; hy sal binne 3 ure sterf, wel is na 8 maande springlewendig. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!!

Baie dankie vir u liefde en aanmoediging, ons bid gereeld vir u, en ons is baie lief vir u.

Mev R. Van Zyl, Standerton

Liewe Dr van Zyl,

Hoe heerlik om te kon getuig van God se goedheid oor ons en Sy Naam groot te maak. Ons dogter was reeds 10 jaar getroud en nog geen kindertjies nie. Ek het aan u geskryf waarop u my brief beantwoord het, asook 'n briefie van 'n ander vroutjie ingesluit het. Deur 'n wonderwerk en 'n visioen wat God aan my gegee het kon ek in geloof reeds my kleinkinders sien.

Op die 7de Februarie, is die identiese tweelingseuntjies gebore. Ons ontvang hulle as 'n gawe uit 'n getroue God se hand en weet daar is 'n roeping op hulle lewetjies. Baie dankie vir julle gebede wat saam met ons s`n so 'n wonderwerk kon mee bring. Alle eer aan God deur Jesus. Mag God julle werk ryklik seën en julle ook seën met voorspoed en gesondheid.

Mev J Steyn, Durban

My hart loop oor van blydskap en dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir wat hy vir ons gedoen het. Ons staan verstom voor Sy Grote Almag. Hy alleen is GOD! Ek het 'n faks na u gestuur en gevra dat u sal bid vir my seun met 'n dwelmprobleem. Vir jare was hy maer en lusteloos met geen belangstelling in die lewe nie. Die Here het hom volkome verlos! Sy hele liggaamshouding het verander, sy gesig en oë is helder en 'n mens kan die vrede van die Here aanvoel in sy teenwoordigheid. Hy het ook gewig opgetel en sy liggaam is gesond. Hy is honger vir die Woord van die Here en ek het ook van u leesstof vir hom gegee. Baie dankie vir die onderrig wat ons kry in Die Woord deur hierdie leesstof wat u versprei. Ons bid dat die Here u werk ryklik sal seën en ook u persoonlike lewens. Groete uit 'n baie dankbare

(Vervolg vanaf 2 - Hou vas tot Jesus kom ..)
opvoeding. Dit is die vervulling van die idee "van elkeen volgens sy vermoë aan elkeen volgens sy behoeftes" Daar is op die oomblik so baie nood in ons land, so baie pragtige Christene wat voordeel kan kry deur in 'n veilige omgewing te leef en te werk, deur hulle hulpmiddele saam te voeg en die sosiale wisselwerking te geniet. Daar is so baie wat wil werk maar nie die geleentheid en ondersteuning kry nie. So baie met talente en vermoëns wat meer as reg is om hul poging en energie by te dra om 'n verskil in die gemeenskap te maak in ruil vir hul gesin se voorsiening en sekuriteit met die sielsvrede wat dit bring. Die Kibbutz stelsel voorsien vir dit alles. Daar sal beskerming en voorsiening vir almal wees, met voorsiening van verblyf, werk en voedsel binne en buite hulle grense.

Om net 'n paar voorbeelde te noem wat in 'n kubbutz eenheid bestaan, deskundiges in sake van bestuur, kweek en bemarking van hul produkte. Kenners van vervoer, arbeid, opvoeding, klein nywerheid en skole vir hul kinders. Waar kinders geleer word in die weë van die Here volgens Bybelse beginsels en nie geleer word om kondome te gebruik en onderwysers te dreig en beledig nie. Voertuig deskundiges om die voertuie in diens te hou. Ook klinieke met 'n dokter en verpleegsters ens. ens . Almal werk produktief in die lande. Dit sluit groente, graan, blomme, vissery, pluimvee, melkery en kweekhuis landbou in. Die Israelies het die "drup besproeiing" stelsel uitgevind, wat nou reg deur die wêreld gebruik word. Hulle boerderymetodes is so gevorderd, dat hulle selfs tulpe na Holland uitvoer! Elke lid van die Kibbutz dra sy deel by en leef gemaklik en in vrede. En na elke drie jaar word die gesamentlike profyt tussen die inwoners gedeel. Selfs toeriste wat belangstel word na hierdie Kubbutszim geneem. Daar is ook baie belangstellende mense van oorsee wat in 'n Kubbutz kom werk vir die ondervinding. Baie van die bogenoemde kandidate is vandag vrylik beskikbaar in ons eie land en oorsee wat werkloos is.

Ek het "The Kibbutz" op die internet op die webtuiste www jewishvirtuallibrary.org opgesoek en was werklik geïnspireer deur die konsep van bestaan. Dit het my laat mediteer op twee Skrif gedeeltes in die Bybel, die eerste is Luk. 3: 8-11, toe Johannes die Doper mense tot bekering geroep het van hulle bose weë en hulle te laat doop omdat die Koninkryk van God naby was, en die mense hom gevra het wat hulle moes doen. Hy het gesê: **Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek. Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. En die skare het hom gevra en gesê: Wat moet ons dan doen? En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen.**

Die tweede Skrif gedeelte waarop ek gepeins het is Matt. 25: 34-36, toe Jesus die gelykenis geleer het van die bokke en skape nasies wat geoordeel is. Hy het gesê: **Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek…..** Ja, ons is vermaan om **besig te wees** tot die wederkoms van Jesus, en om deel te wees van 'n liefdevolle, veilige gemeenskap van werkende en aan biddende Christene sou 'n wonderlike manier wees om "besig te wees" en "te verduur" totdat Hy kom! Maar ongeag van wat die Here ons geroep het om vir Hom te doen, is die belangrikste ding dat Hy ons "besig vind" en besig om dit tot Sy heerlikheid te doen! Ons moet egter altyd onthou dat die begeerte van ons hart en vurige gebed moet steeds voortdurend dit bly van **Openb. 22: 20 en 19: Selfs so, kom, Here Jesus.**

En **Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen** □



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in Jesus,

Daar is soveel dinge wat in ons geliefde Suid-Afrika gebeur, om die waarheid te sê regoor die wêreld in die afgelope maand, soos roekelose politieke uitsprake en dreigemente wat baie probleme veroorsaak het en wat weereens net bevestig die vinnig naderende hoogtepunt van die Here se eindtyd plan vir die mensdom. Maar, halleluja, ons, Sy mense hoef nie te vrees nie, in plaas daarvan moet ons wakker wees en bid en voorbereid wees. Wanneer ons besef dat ons **in** diè wêreld is, maar nie **van** diè wêreld is nie, het ons blydskap in ons harte wat kom met die verwagting om die ewigheid met Hom en met diè wat aan Hom gehoorsaam is deur te bring! Dit wil voorkom asof die ure elke dag vinniger verby vlieg en ons moet die tyd wat vir ons oorbly loskoop, bring kosbare tyd deur met daardie dinge wat lewe bring en ewigheids waarde het, en bring minder tyd deur met vrugtelose, negatiewe dinge wat op die lange duur nie saak maak nie. Ons moet die aangesig van ons Here Jesus in opregtheid soek en Hom vra om ons te lei en wysheid te gee vir elke dag, soos Sy Woord ons beveel. Hy sal ons lei en die krag gee om te doen dit wat Hy van ons verwag, van dit kan jy seker wees! Dan word elke dag 'n avontuur met Jesus as ons gehoorsaam is aan Sy opdragte. Watter vreugde is daarin om die Meester te dien!

Ons loof die Here vir die wonderlike reën wat Hy aan so baie vorige droë en dor streke in ons land gegee het. Ons het gebid teen die invloed van Elnino in die land en Namibia, en die droogte is gebreek en die damme is vol. Ons moedig daardie lesers aan wat nog nie ons boek **"Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God"** (verkrygbaar in Engels en Afrikaans) om kopieë te kry (en te versprei), en sien hoe God se weë en Woord baie hoër is as daardie van selfs die mees "geleerde" mense. (Selfs van die wetenskaplike deskundiges wat nou net nog 'n "vermiste skakel" gevind het wat vermoedelik die wêreld sal verander"!) Die boek openbaar eindtyd komplot en sy onderliggende misleiding – waardevolle inligting vir hierdie eindtyd.

Dankie vir julle pragtige getuienisse wat ons bereik het, ons waardeer dit werklik om van julle te hoor sodat ons saam met julle kan juig en aan die Here al die eer gee! Dankie ook vir julle voortdurende ondersteuning vir die werk wat vanaf die Stanger Christelike Sentrum uitgaan. Ons kan soveel kosbare verlore siele bereik daar buite in die donker wêreld en hulle inbring in die Koninkryk van Lig deur die Waarheid van die Evangelie van ons Here Jesus Christus. Die eindtyd oes is 'n beslissende een en ons is baie goed bewus van die behoefte om die Goeie Nuus van Verlossing in Jesus deur die geskrewe Woord te versprei. Dankie vir julle gebede en liefdevolle ondersteuning, en wees verseker van ons liefde, opregte waardering en ons gebede vir julle.

Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor. 15:58).

Baie liedegroete,

Dr James

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Neem Kennis

Die volgende boeke wat ek oor die afgelope 18 maande geskryf het bevat die versamelde boodskap van die ±140 boeke wat oor die laaste 30 jaar geskryf is.

Nuwe Boeke

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael
R8.00 elk

JESUS AND THE WORD

Jesus' understanding of the Word was very different from that of many people today. Jesus was a strong believer in the Word. He took the Word very seriously and very literally. His disciples too looked upon the Word in the same manner.

In John's gospel Jesus is presented as the Living Word: ***"In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God …. And the Word became flesh and dwelt among us …"*** (John 1:1,14). Therefore Jesus was, and is, the Living Psalms, the Living Prophets, and the Living Torah.

Had Jesus depreciated the Word of God in the least, He would have depreciated Himself. There is a oneness between Jesus as the Living Word, and the written Word which we hold in our hands. To follow that Word is to follow Him; to desire it is to desire Him.

Jesus viewed every Word of the Torah (Old Testament) as necessary food for mankind. He quoted Scripture in saying: ***"It is written, Man shall not live by bread alone, but by every word that proceeds from the mouth of God"*** (Matthew 4;4), quoting Deuteronomy 8:3: ***"…. That he might make you know that man shall not live by bread alone; but man lives by every word that proceeds from the mouth of the LORD."***

Thus Jesus as a human being looked upon every word in the Bible as important. When the Sadducees, ***"who say there is not resurrection"*** (Mark 12:18) questioned Him about the resurrection, He said: ***"Have you not read in the book of Moses, in the burning bush passage, how God spoke to him, saying, I am the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob? He is not the God of the dead, but the God of the living. You are therefore greatly mistaken"*** (Mark 12:26,27).

The Lord hung the doctrine of the resurrection on the word "**AM"**, which His Biblically literate listeners would also accept as a valid interpretation. The Sadducees were stunned and defeated by the weight of Jesus' argument.

Jesus also based the doctrine of the resurrection on the fact that as ***"Jonah was three days and three nights in the belly of the great fish, so will the Son of Man be three days and three nights in the heart of the earth"*** (Matthew 12:40). Thus if the book of Jonah were a myth, the same would naturally apply to His resurrection!

Jesus quoted too from the book of the prophet Daniel regarding the coming Great Tribulation and Antichrist: ***"Therefore when you see the abomination of desolation, spoken of by Daniel the prophet, standing in the holy place …. Then let those who are in Judea flee to the mountains …. For then there will be great tribulation, such as has not been since the beginning of the world until this time …."*** (Matthew 24:15,16,21 ff).

This event has had a partial fulfilment during the fall of Jerusalem in 70AD when, based on His warning: ***"When you see Jerusalem surrounded by armies…"*** (Luke 21:20) His followers fled the city and so were spared the ensuing disaster. The final fulfilment of course speaks of the Great Tribulation of the end days, and for these critical end-time teachings Jesus cited Daniel as a valid source.

The early disciples and apostles continued with Jesus' concept of the certainty of the Word. Paul says in his Second Letter to Timothy: ***"All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness…"*** (3:16).

Peter in his Second Letter speaks of Paul's letters themselves as carrying the weight of Scripture (3:14-16), and in his First Letter he quotes the prophet Isaiah that ***"the word of the LORD endures forever"*** (1:25), and presents the ideas and philosophies of men as but grass when compared with the Word of God: ***"All flesh is as grass, and all the glory of man as the flower of grass. The grass withers, and the flower falls away, but the word of the LORD endures forever."***

In the last book of the New Testament John has a severe warning for those who lightly esteem the Word of God: ***"For I testify to everyone who hears the words of the prophecy of this book: If anyone adds to these things, God will add to him the plagues that are written in this book."***

"And if anyone takes away from the words of the book of this prophecy, God shall take away His part from the book of life, from the holy city, and from the things that are written in this book" (Revelation 22:18,19).

The Word of God is the only foundation for reconstruction in our present era. The Lord wants to write His Word on our hearts, impress it upon our minds, teach it to our children, talk of it ***"when you sit in your house, when you walk by the way, when you lie down, and when you rise up"*** (Deutereonomy 6:7)

Today lives are falling apart, families are falling apart, and nations are falling apart, because the Word of God has been spurned, depreciated and cast away by our so-called enlightened society. The Lord's Word says that He will restore Israel; and is actually doing so in these days, as we heed His prophetic Word, and as we return to view the whole Word as sacred and God-breathed (inspired).

In Isaiah 62:2 the Lord says: ***"But on this one will I look: on him who is poor and of a contrite spirit, and who trembles at my word."*** May we be found among the tremblers. May we feast always on the Word of the Lord, and regard it more than our necessary food.

David Press ☐